DEEL 115 | WEEK 17 | 28 APRIL 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# BOERE KOM VANJAAR MAKLIK IN



Strooptyd vir graanboere is in volle swang en verloop dit vanjaar makliker om die graan van die lande af te kry as met verlede jaar se nat toestande.
Volgens Pieter Buitendag, bestuurder van Senwes Silo's op Heilbron, lyk die opbrengste goed.
Boere het reeds drie weke terug begin stroop en is daar in Senwes Silo's Heilbron reeds oor die 5 000 ton sojabone en 2 000 ton sonneblom gelewer. Dit graan is van 'n goeie kwaliteit, maar produsente sukkel tans met groen peule as gevolg van die reën en ryp, wat die boere laat in die seisoen ervaar het. Nietemin is die opbrengs vir sojabone en sonneblom gemiddeld tot bogemiddeld. In sommige gevalle is die opbrengs hoër, terwyl ander boere wat swakker reënval of haelskade gehad het, dit as 'n bietjie laer ervaar.
Pieter het ook bygevoeg dat die sojabone van baie boere vinnig afgedroog het en dat sommige boere verlede week nog 'n voginhoud van 13% of meer op verskeie sojabone gehad het. Tans het hulle egter 'n beter voginhoud van tussen 6.5% en 7%. Meer boere het vanjaar sojabone geplant a.g.v. insetkostes van mielies wat sowat 40% gestyg het en die insetkoste van sojabone wat goedkoper is.
Daar bestaan geen twyfel dat landbou 'n belangrike rol in die ekonomie van Suid-Afrika speel nie. Dit is verblydend om te sien dat daar positiewe vooruitsigte vir hierdie bedryf is. Dit is ook belangrik om die werk wat boere doen, te erken en te ondersteun, aangesien hulle die voedsel voorsien wat ons nodig het om te oorleef. In die afwesigheid van verdere uitdagings, sal ons hopelik 'n suksesvolle strooptyd hê, en ons kan uitsien na 'n goeie oes. Hierdie nuus is 'n herinnering dat daar altyd hoop is, selfs in die moeilikste tye.












# RUS IN VREDE

Dit is met groot hartseer dat ons moes afskeid neem van Michael (Pine) Pienaar. Hy is oorlede 15 April 2023 en sy begrafnis was 22 April 2023 vanuit die Moederkerk. Hy is op 'n geseënde ouderdom van 85 na ons Hemelse Vader.

Hy laat sy vrou Wilna, ses kinders, 16 kleinkinders en 12 agterkleinkinders na. Hy was 'n Godvresende man van God. Rotsvas in sy geloof en baie lief vir sy familie en vriende. Baie diep spore is in mense se lewe gelaat. Dit het hy ook uitgeleef in Heilbron se gemeenskap. Hy was lank werksaam by Boerevoorrade en Senwes. Ons groet 'n besondere mens. Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe...

# Huppel-Trippel klub speel noot vir noot



Die Huppel Trippel Klub het Dinsdag heerlik gekuier, gesing en hard gedink aan die vrae wat hulle moes beantwoord. Daar is Noot vir Noot gespeel. Die wenspan is beloon met 'n tjoklit; terwyl die verloorspan tevrede moes wees met 'n suigstokkie! Gelukkig vir almal, het Bettie Swart die lede bederf met die heerlikste mosbeskuit. Tydens die volgende saamkuier op 9 Mei sal pastoor Derick van die plaaslike AGS-gemeente die program open; en nog 'n saamsing-geleentheid lei.

# Malaria is one of the most serious tropical diseases

*• Heilbron Clinic*

Malaria is one of the most serious tropical diseases and can be deadly if not detected and treated at an early stage.

**PREVENTION IS BETTER THAN CURE**

Going somewhere?
Know whether there is risk of getting malaria in the area you are visiting.

- Take precautionary measures to prevent mosquito bites in all risk areas.
- If recommended, take appropriate medication as directed.
- Seek immediate medical attention if you have any "flu-like" symptoms for up to six months after leaving a Malaria area.

**MEASURES TO AVOID MOSQUITO BITES**

Allow your house to be sprayed if you are residing in a Malaria risk area.

- Wear long sleeved clothing when going out at night.
- Apply an insect repellent containing DEET to exposed skin at night.
- Sleep under a mosquito-proof bed net treated with approved insecticide.

**MEASURES TO AVOID MOSQUITO BITES (continued)**

Spray inside your house with an insecticide spray after closing windows and doors.

**EARLY SYMPTOMS OF MALARIA**

- Fever
- Headache
- Chills
- Muscular pains

Seek medical attention if you have any of the above symptoms.

**TAKE YOUR MEDICINES CORRECTLY**

Take only the medicines for preventing Malaria as recommended by a health professional.
Start before entering the Malaria risk area and continue as prescribed by a health professional.

**For more information**
Call 012 312 9125 or go to www.doh.gov.za

# Uit die pen

## Week 17 van 2023



Dit het vir my soort van 'n modewoord geword, 'n verskoning wat min of meer enige tyd gebruik kan word om trane en simpatie te kry.

Dit het my laat dink aan kleintyd: ons het op 'n kleinerige dorpie gewoon, en moes noodgedwonge na 'n ander dorp gaan vir groot inkopies of groot artikels. Wanneer die winkel dan nie gou genoeg kon help of gevra het dat ons moes terugkom, het my ma altyd gesê: "Maar meneer, ons bly in …". Dit moes dan as verskoning gebruik word.

Om saam met my gryse moeder te gaan inkopies doen, was ook ietwat van 'n nagmerrie. "Ons is pensionarisse. Kry ons nie afslag nie?"

Ja, sal jy dalk reken, as jy nie vra nie, gaan jy nie kry nie. Ek weet darem nie.

Deesdae kry ek telefoonoproepe moet die verskoning: "Ek is 'n arm enkelouer en kan nie A en B bekostig nie."

Daar is twee woorde waarmee jy my nie opgekoop kan kry nie. "Arm" en "enkelouer."

Het jy al daaraan gedink: wat presies is "arm"? Vir iemand wat 'n Maserati ry, sou dit wees wanneer jy minder as R 50 000 per maand verdien. Vir iemand wat 'n CiTi Golf ry, sou dit wees wanneer jy minder as R 15 000 per maand verdien. Nie dat ek vir enige iemand 'n plakker wil gee na aanleiding van sy of haar ryding nie. Dit is bloot net 'n voorbeeld.

Jy kan dieselfde redenasie gebruik wanneer iemand gewoond is daaraan om boetiekklere te dra in plaas van klere van 'n ander kettinggroep wat met drie letters gespel word.

Die punt is dat arm of ryk verskillende betekenisse vir verskillende mense het.

Op 'n goeie Sondag het iemand by die kerk gevra hoe dit met ons gaan. Ek het gesê dit gaan goed, want ons het 'n plek om te bly, klere om aan te trek en ons het kos. Waarop my goeie man geantwoord het: "En ons kan kies wat ons wil eet."

Dit opsigself is al 'n voorreg wat nie almal beskore is nie. Armoede is relatief.

En dan vers twee van hierdie opmerking: Enkelouer.

Ek weet dat daar enkelouers is wat regtig sukkel. Ek het al my simpatie met diegene wat sonder die ondersteuning van nog 'n ouer 'n kind moet grootmaak. Maar moet dit asseblief nie my probleem maak nie.

Soms is dit 'n ouer wat besluit het om enkel te bly, ander kon as gevolg van omstandighede nie met die ander ouer trou of in 'n verhouding wees nie. Wat ookal die rede. Dit is nie my skuld nie.

Net soos wat daar enkelouers is wat sukkel, is daar ouerpare wat ook so sukkel.

Ons ry elke Sondag verby 'n koerantverkoper. Hy staan op sy eilandjie op pad kerk toe met die koerante toegedraai in plastiek. Hy wuif altyd vriendelik en ken al ons Vrystaatse karretjie van ver af. Ons stop by hom, koop soms 'n koerant of gee soms net vir hom 'n geldjie.

Mag ek net byvoeg: ek gee bitter min geld vir bedelaars, ek gee eerder kos. Wat my herinner aan verlede week. Ek moes vir werk in Durban wees, en toe ons die aand op die strand gaan stap, kom vra twee onversorgde tieners vir 'n brood en 'n liter melk. Met liefde sal ek vir julle kos koop, sê ek. Toe ek die winkel binnegaan, vra-skree hulle agterna: "Sit sommer 'n blikkie vis ook by!" Wat my kollega toe doen terwyl ek die brood en melk betaal.

Buite gekom, oorhandig ons die kos aan die twee tieners. Die een moet eers die los sigaret in sy broeksak gooi.

"Hoe op aarde," vra ek, "het jy 'n los sigaret maar nie kos nie?"

"Want 'n ander oom het dit vir my gegee."

Se voet, dink ek. Maar ons gee die kos. Binne 'n oogwenk is die twee tieners skoonveld.

Terug by ons Sondagkoerantverkoper. Hy is netjies aangetrek, groet altyd vriendelik met "oom" of "tannie" en is baie beleefd. Hy vra nooit vir geld nie. Ons gee, want ons wil.

Maar hoekom altyd 'n verskoninkie gebruik om verantwoordelikheid te ontduik?

Ek is van 'n klein buurdorp.
Ek is arm.
Ek is oud.
Ek is 'n enkelouer.
Ek is blou.
Jy is rooi.

Rooi mense het meer voorregte as blou mense.

Rooi mense was nog altyd lelik tenoor blou mense.

Blou mense word oor die hoof gesien.

Watookal.

Wat van net eenvoudig verantwoordelikheid aanvaar en probeer om dit reg te maak? Ek verstaan heeltemal dat mense swaarkry. Soms kry ek ook swaar, al het ek kos en klere en 'n huis, 'n man en 'n hond. Maar ek gaan definitief nie vir iemand sê dat ek swaarkry nie. Ek is te trots daarvoor. Dit sal bars gaan voordat ek dit as 'n verskoning gebruik.

Hierdie week se les is om nie verskonings uit te dink nie. Selfs al hoef jy dit nie uit te dink nie, al is dit 'n iets wat almal kan sien of kan agterkom. Kyk of daar nie 'n manier is om iets reg te maak wat jy verbrou het nie.

Om verantwoordelikheid te neem is 'n vaardigheid wat aangeleer moet word. Dit kom nie met geld of met voorregte nie.

Probeer dit gerus!

# Riemland Museum Fondasie "gered" vir nou

Daar is reeds 'n ruk lank probleme met die fondasie van die Museum weens die ou poskantoor stene wat voorheen voor die gebou geplaas was. Die drie stene het soveel druk op die fondasie geplaas dat gedeeltes van die gebou begin kraak het en veroorsaak het dat daar baie waterskade was. Gammie van JC Transport en sy span het die komitee Vrydag 14 April kom help om die stene na hulle nuwe staanplek te skuif. Ons wil graag JC Transport bedank vir hulle hulp. Nou gaan ons begin fokus op die herstel van die Museum se mure.





RIEMLAND MUSEUM



# Missing persons alert

Andiswa Innocentia Bocibo (17) was last seen on the 20th of March 2023. Anyone with information, please contact the nearest police station or 063 040 5467.

# An Inspiring Journey of Dedication and Achievement



Masetsomi Morake is a remarkable individual who has recently achieved her Honours degree in Education from the University of South Africa (Unisa). This is her fourth graduation, having previously obtained a BA in Corporate Communication and an Honours degree in Corporate Communication from the University of Johannesburg in 2012 and 2013, respectively, as well as a Post Graduate Certificate in Education (PGCE) from the University of the Free State in 2016.

Born and raised in Heilbron, Masetsomi's parents are both retired teachers. Her father, Mr Morake, was a principal at Phiritona and Circuit manager for 20 years, while her mother, Mrs Morake, was also a teacher. This background undoubtedly inspired Masetsomi's passion for Education and her desire to make a difference in the lives of young people.

Masetsomi attended Hoërskool Heilbron, where she matriculated in 2009. She then went on to pursue her studies at the University of Johannesburg, where she obtained her first two degrees in Corporate Communication. It was during this time that she developed a keen interest in Education and decided to pursue a career in teaching.

In 2016, Masetsomi obtained her PGCE from the University of the Free State and began her teaching career at Primary School in Petrus Steyn, where she still works today. Her dedication and hard work have not gone unnoticed, and she has been recognized for her achievements both in and outside the classroom.

Masetsomi's academic achievements and dedication to teaching are a testament to her hard work and determination. Her journey is an inspiration to young people who aspire to make a difference in their communities and pursue their dreams, no matter how challenging they may seem. Masetsomi's passion for Education and her commitment to her students is truly admirable, and she is a shining example of what can be achieved through dedication and hard work.

In conclusion, Masetsomi Morake's story is one of perseverance, dedication, and achievement. Her passion for Education and her commitment to her students is truly inspirational, and she is a shining example of what can be achieved through hard work and determination.

# HEILBRON HERO

Jan van Vuuren is 'n ware superheld in sy eie reg en word beskou as Heilbron se eie Batman. Hy is 'n bekende sakeman in die dorp en geniet die respek en liefde van baie in die gemeenskap.

Jan is nie net 'n suksesvolle sakeman nie, maar 'n mens wat omgee vir sy gemeenskap. Hy help gereeld by die kerk en is altyd bereid om 'n handjie by te sit waar hy kan. Of dit nou is om 'n kind of 'n gesin te help, Jan doen dit sonder om te huiwer.

Sy dade gaan ongesiens verby, maar juis daarom is hy 'n held vir baie in Heilbron. Hy is 'n inspirasie vir ander en sy vriendelikheid en hulpvaardigheid maak hom 'n voorbeeld vir almal. Jan is 'n man wat nie net praat nie, maar optree. Hy is 'n man van aksie en hy doen dit wat nodig is, hy is toegewyd en sy liefde vir die mense van Heilbron is duidelik in alles wat hy doen.

Daar is baie mense in Heilbron wat Jan bewonder en respekteer. Sy nederigheid, vriendelikheid en toegewydheid aan sy gemeenskap maak hom 'n ware superheld.

Jan van Vuuren is 'n voorbeeld vir almal wat wil weet hoe om 'n ware held te wees. Sy liefde vir die gemeenskap is inspirerend en sy dade gaan ongesiens voort. Dit is hoekom hy Heilbron se Held vir April is en almal in die dorp is trots op hom en dankbaar vir alles wat hy doen.







# Troukoors

***Regstelling:***

*George Roodt en Elsabé Hattingh is getroud op 15 April 2023 te Sôkêng Wild and Wedding Venue buite Groblersdal. George is die seun van oorlede George Snr, en Lenie Roodt in Heilbron. Elsabé is die dogter van oorlede Chris en haar ma is Rina Hattingh van Frankfort. Die egpaar vestig hulself in Groblersdal.*

# DEEL AL VYF WEKE SONDER KRAG

***• Koppies***



By Koppies sukkel talle inwoners van die Nedersetting-woongebied nou vyf weke lank al sonder krag, maar amptenare "val net oormekaar met vae verskonings" en verbreekte beloftes. Só sê DA-raadslid Carina Serfontein gister. Sy probeer al lank om die krag herstel te kry, maar "die administratiewe en ook politieke wil ontbreek, en nou moet inwoners bitter lank sonder krag aanhou sukkel."

Sy verduidelik 'n transformator in die gebied se netwerk het defek geraak, die tweede een die afgelope maande. "Ek verstaan hierdie soort transformator (wat 6 kVa benodig) is skaars, want net omtrent 'n dosyn munisipaliteite landswyd gebruik dit." Sy sê sy sou verwag die munisipaliteit hou daarom sulke skaars items, en hul toebehore, altyd in voorraad, want geen ander pas in die netwerk nie. Maar daar is "prontuit erken" Ngwathe durf dit nie doen nie, want die goed word gesteel. Dit dui op skandalige wanbestuur, meen sy. Sy sê aankoopprosesse en betalings in Ngwathe bly in 'n warboel, ten spyte van kritiek daarop deur die Ouditeur-generaal. "Daar is altyd 'n geskarrel na onderdele vir elektriese herstelwerk."

Sy sê sy dring reeds weke lank aan op onmiddellike herstel, by die elektrisiteitsbestuurder, Mnr Henk Coetzer, en ook die munisipale Gebiedshoof vir Koppies, Mnr Jonas Masala.

"Toe herstelwerk aanhou sloer het ek burgemeester Victoria de Beer versoek om self in te gryp, sonder sukses."

Verlede Vrydag het Mnr Masala beloof "ons sal vandag nog verseker dat daar krag kom by die huise." Maar teen gisteroggend was hul krag steeds af. "Te lank, veels te lank, " sê Rdl Serfontein, "en ek sal al harder druk, nou sommer by die Minister ook."

# Roné sê ja vir Martiekafskeid uitnodiging!



Elke jaar is die matriekafskeid 'n groot gebeurtenis in die lewe van skoolverlaters, en daar is altyd 'n opwinding en opgewondenheid rondom die geleentheid. Maar, daar is ook 'n ander groot ding wat sommige matrikulante besig hou – om hul maat uit te vra om saam met hulle na die matriekafskeid toe te gaan.

Sommige leerders doen dit op 'n tradisionele manier, soos om dit voor die hele skool of op die verhoog te doen, terwyl ander dit op 'n meer subtiele manier doen, maar RE Bronkhorst het hierdie jaar 'n baie unieke manier gebruik om sy meisie te vra.

RE het besluit om 'n advertensie in die Heilbron Herald te plaas en Roné se aandag te trek. In hierdie advertensie het hy Roné gevra om saam met hom na die matriekafskeid toe te gaan. Die advertensie was op die voorblad van die koerant geplaas en dit het verseker dat Roné dit sou sien.

Roné het ja gesê op RE se unieke uitnodiging. RE was baie opgewonde en het hierdie groot oomblik in sy skoolloopbaan baie geniet.

Hierdie is net een voorbeeld van hoe matrikulante kreatiewe maniere kan gebruik om hul maat uit te vra. Dit is 'n onvergeetlike oomblik in 'n jongmens se lewe en dit is iets wat altyd onthou sal word.

SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
47 Cilliers Street, Heilbron | 060 908 9009 | admin@solarvibestore.com
All Electrical & Solar Appliances available in store!
Orders placed with next day delivery
Solar installations & After Services

# HOËRSKOOL HEILBRON SE TOP 5 LEERDERS




# Ons sê baie dankie!

'n Baie groot dankie uit Hoërskool Heilbron se harte aan elke borg wat dit hierdie jaar moontlik gemaak het vir ons rugby, netbal en hokkie sportspanne om in blinknuwe uitrustings te pronk.

Elke borg is deel van ons skool se sukses:

Optimum, Sernick, 96 on Breë Gastehuis, Lee Meat, Cala Boerdery, BBB Abattoir, Cobus van Wyk Oogkundiges, Dekalb, Bay Agro, Telwiedre, OJ's, Caltex, Bonus Hardeware, Wilgepoort Veedienste, Platteland Apteek, Riemland Apteek, Louise Snyman Rekenmeesters, Elsmed, Oasis, BKB, VKB, Vlaklaagte Slaghuis, Ulectric, Riemland Bonsmaras, Johnny Claassen Bemarking en Theo Fuls.









TENDER

AfriForum Heilbron Tak sit hiermee tender uit vir dag tot dag take wat verig moet word soos sny van gras tot verf van paaie en herstel van slagatte.

Tender is vir een dag vanaf 09:00 tot 17:00 met ten minste 4 werkers en een toesighouer. Aantal dae per maand sal bepaal word soos die behoefte ontstaan. Voorwaarde is dat AfriForum baniere vertoon moet word tydens werk.

Stuur tender aan die Heilbron AfriForum Takbestuurder by tesourier.heilbron@afriforumtak.co.za

AfriForum

# SMALLS

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**
Hugo Groenewald
082 569 7205



Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL

**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 - 16:30
**Saterdae:** 09:00 - 12:00
*Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006*

**NAMPO 16 - 19 MEI**
**Kontak ons vir enige drukwerk, "OUTDOOR BRANDING", Skryfbehoeftes, Koöperatiewe klere, en vele meer ...**
Herald Office National
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 85 23 033
marketing@heilbron.co.za




**AANDAG!**
Alle Heilbron Kunstenaars
Ons nooi graag kunstenaars uit om hul kuns ten toon te stel by Riemland Museum se eerste kuns uitstalling vir 2023!
Kontak
Lanzo – 081 898 1457
Om jou plek te bespreek en jou kuns uit te stal

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae -** 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***




**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 heraldnuus@heilbron.co.za**

**GiG Technologies**
Kerk str. 44 Heilbron
Tel: 087 527 0838
Cell: 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za
- Internet Service Provider
- CCTV & Alarm Installations
- Computer Sales & Support

Technology without the headache!

RIEMLAND JAGTERSVERENGING JAARPROGRAM 2023

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 13 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 13 MEI | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 3 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 08 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 09:00 |
| 12 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |




Herald Office National
NCR Printing
no-carbon-required
Book Printing
Design & printing:
Invoice books
Receipt books
Delivery books
Order books
Individually numbered
Duplicate, triplicate & more
100% OPERATIONAL

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

In die boedel wyle:
**CHRISTINA MAGDALENA CLAASEN**
Gebore: **1943-02-28**
Identiteitsnommer: **430228 0023 082**
**BOEDELNOMMER: 008960/2022**
Adres: **De Wetstraat 1, Petrus Steyn, 9640**
Datum van afsterwe: **2022-07-07**
Krediteure in bogenoemde boedel word hiermee versoek om hul vorderinge in te lewer by die ondergetekende binne 'n tydperk van 30 dae vanaf 21/04/2023.
Agent:
**VAN ZYL - FOURIE PROKUREURS**
**REITZSTRAAT 16 / POSBUS 109**
**PETRUS STEYN, 9640**
**TEL: 082 455 6840**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T13724/2009** passed by **THE REPRESENTATIVE OF THE LATE ESTATE BUTIBAYI DAVID DULULA ESTATE NUMBER 13577/2010** in favour of **MATSHOLO MARIA MOTLOKOA IDENTITY NUMBER: 581104 0303 088,** unmarried in respect of **ERF 5226, EXTENSION 8, PHIRITONA, HEILBRON, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 471 (FOUR HUNDRED AND SEVENTY ONE) SQUARE METRES HELD BY DEED OF TRANSFER T13724/2009** which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at **BLOEMFONTEIN** within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at HEILBRON on this 28th day of April 2023.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN ATTORNEYS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**AKTES@JANSENPROKUREURS.CO.ZA**
**VERWYSING: MOT93/0001/JHJ/mp**




# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 084 988 6078



HERALD Sport

# Eerste kom toe tweede

Winderige toestande verlede Saterdag tydens die AP kerk se gholfdag was die oorsaak dat die beste telling nie gewen het nie. Pieter van Staden en Vian Leeb moes vroeg afslaan weens verpligtinge later die dag en teken 49 punte aan. Die wind het later die oggend begin waai wat speltoestande vir die middagveld bemoeilik het. Die komitee het na afloop van spel ŉ aanbeveling aan die borg gedoen dat die eerste plek aan die middagveld wenner toegeken moet word. Die besluit het reeds heelwat meningsverskille ontlok. Daar is navraag gerig aan André Pieterse, die vorige president van SAGA en ook 'n huidige toernooibeampte van provinsiale amateur kampioenskappe rakende die aanbeveling. Pieterse was van mening dat dit 'n teenstrydige besluit was en genoem dat groot klubs byna daagliks oggend- en middagvelde het wat in dieselfde kompetisie speel, ongeag verskille in weersomstandighede gedurende die dag. "Nog 'n goeie voorbeeld is jaarliks tydens die Britse Ope waar wind ŉ reuse faktor is", het hy bygevoeg.

Die AP Kerk se gholfdag was goed ondersteun met sowat dertig spelers wat kon meeding vir uitstekende pryse. Die dag is een van die kerk se belangrike fondsinsamelingsprojekte. Wenners van verlede Saterdag is soos volg: 1- Jackie Leonard en Wiam Rautenbach 45, 2 - Pieter van Staden en Vian Leeb 49, 3 - Willem van Schalkwyk en Christo 43, 4 - Eben Stander en RJ Muller 41. Die span wat nie-amptelike voorgee wenners is: 1- Pieter Baan en Eugene 47, 2- Cobus en Reuben 47. Almal wat in die dag gespeel het kon 'n prys kies.

Die naweek is daar gewone spel en Maandag word spelers aangemoedig om vriende saam te bring en net lekker sosiaal te speel.



*Op die foto: Wiam Rautenbach*



*Op die foto: Jackie Leonard*

Heilbron Herald sal gesluit wees op 29 April. Normale besigheidsure weer vanaf 2 Mei.








WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30 | SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033








# Privaat onafhanklike kragvoorsiening is al oplossing

*• Vrystaat Landbou mediaverklaring*

"Suid-Afrika se kern infrastruktuur stort ineen en dit sal so bly indien aktiewe burgery en privaat inisiatiewe nie gaan opstaan en self dinge maak werk nie". Dit was Francois Wilken, President van Vrystaat Landbou (VL), se boodskap aan lede op die organisasie se jaarlikse streeksvergaderings. Die belangrikste voorbeeld van ŉ privaat-en-gemeenskaps oplossing vir probleme wat deur die staat veroorsaak is, is die vennootskap tussen Rural Maintenance en die Mafube Besigheids Forum. Rural Maintenance is reeds 11 jaar in die Mafube Plaaslike Munisipaliteit (PM) aktief. Die Mafube Besigheids Forum, bestaande uit plaaslike boere, besighede en plaaslike burgerregte organisasies poog om sedert 2017 die gapings wat deur die wanfunksionele munisipaliteit veroorsaak is aan te spreek.

Hierdie inisiatief het tot volg gehad dat die Mafube munisipaliteit se Eskom-rekening tans afbetaal word. Bo en behalwe die R120 miljoen wat reeds in die instandhouding en opgradering van Mafube-kragnetwerk belê is, het Rural Maintenance meer as R22 miljoen aan tantième aan Mafube Plaaslike Munisipaliteit betaal en R709,4 miljoen aan Eskom (namens die munisipaliteit)vir grootmaat elektrisiteit. Gevolglik is hierdie een van die meer suksesvolle privaat inisiatiewe in die platteland. Dit bied 'n diensleweringsmodel wat orals nagestreef kan word.

Dit is daarom teleurstellend dat dit blyk dat Eskom en die regering hierdie inisiatief wil kelder. ESKOM se argument teen die konstante betroubaarheid van Rural se kragopwekkingsvermoë is nie ŉ legitieme rede nie. Dit sou veel beter gewees het indien die staat en Eskom Rural Maintenance sou bystaan om die nodige battery- of kragopwekker-rugsteun in plek te kry eerder as om die inisiatief te stop.

"Gegewe die regering en staatsinstellings se rekord van korrupsie moet ons egter nie verbaas wees nie. Die mense van Suid-Afrika se belange is nie in tel by die owerhede nie, en ons moet dus niks van hulle verwag nie".

Al raak landsburgers moedeloos oor die ineenstoring van ons elektrisiteits-infrastruktuur en ander dienste, moet ons onthou dat daar wel privaat oplossing bestaan. Dit kan geïmplementeer word as die politici opsy staan.

Daarom bepleit VL organisasie en beplanning vir plaaslike selfvoorsiening op plaaslike vlak. VL sal voortgaan om steun te verleen vir beleide en belastingtoegewings om dit toe te laat om afhanklikheid van 'n onstabiele, korrupte of bankrot regering te vermy. Ongelukkig is die kostes van energie stoor, soos batterye, asook rugsteunkragopwekking baie duur en gaan dit ŉ verenigde gemeenskapspoging verg om dit voldoende te beplan en finansier.